

MAAK JOU BESIGHEID

TOEKOMS
GEREED



INDEX

- Stilhoplekke langs die finansiële jaar
- Dispuutresolusie en die kondonering van laat besware
- Sosiale beskerming, kosproduksie en die vraag na voedsel
- Moontlike gevolge van die Trump-administrasie
- Boedelbeplanning: Hoe kry ek bekostigbare professionele raad?
- POPI and its implications for your business




Stilhouplekke langs die finansiële jaar

Ons lewe in 'n era waar tyd voortsnel en ons dikwels in ons haas na die einddoel die mooi langs die pad heeltemal miskyk. Soms word ons gedwing om te stop op ons reis na iewers deur Moeder Natuur en soms stop ons sommer vrywillig om die mooi rondom ons in te neem.

Soos ons talle lewensreise is daar stilhouplekke in elke finansiële jaar waarvan ons bewus moet wees. Hoe ons die stilhouplekke beleef, hang af van die implikasies wat hierdie stoppe op ons besigheid en menswees het. Deur ingelig te wees van waar hierdie stopplekke is, help dit ons om beter te beplan en sodoende die reis baie aangenamer te maak.

Hier volg die belangrike stilhouplekke op die jaarlikse kalender:



November							
							30

Indiening van inkomstebelasting-opgawes van nie voorlopige geregistreerde belastingpligtiges

MAANDELIKS							
Maandelikse LBS opgawes							7
25	BTW opgawes in ooreenstemming met BTW registrasie						

Indien die entiteit nie 'n Februarie-jaareinde het nie, is die datums vir voorlopige betalings aan SARS per jaar:

Eerste voorlopige betaling:	Tweede voorlopige betaling:	Derde vrywillige betaling:
6 maande voor jaareinde	Op jaareinde	6 maande na die finansiële jaareinde

- **Verslae wat vier maande na die entiteit se jaareinde moet in wees:**
 - Verslae vir FSB-doeleindes;
 - Eiendomsagente se verslae

- **Verslae wat ses maande na die entiteit se jaareinde moet in wees:**
 - Skole by die onderwysdepartement (gewoonlik einde Junie);
 - Prokureurs se trustoudits

- **Daar moet aan die volgende sake op minstens 'n jaarlikse basis aandag geskenk word:**
 - Betaling van jaargelde deur maatskappye en beslote korporasies moet jaarliks gedoen word op die verjaardag van die registrasie van die entiteit;
 - Testament;
 - Boedelbeplanning;
 - Hersiening van fasiliteite by banke

Wanneer jy bewus is van die stoppe langs jou pad kan jy jou jaarlikse rit beter beplan. Die lewe is 'n reis, geniet die rit!

[Voorberei deur CORE Bloemfontein
Vir meer inligting, skakel 051-448 8188]



Dispuutresolusie en die kondonering van laat besware

'n Belastingbetaler wat verontreg voel deur 'n aanslag of deur bepaalde besluite geneem ingevolge die Belastingadministrasiewet of ander belastingwetgewing, mag beswaar aanteken en appelleer teen daardie aanslag of besluite ingevolge die Belastingadministrasiewet. Dit moet egter duidelik gestel word dat die periode waartydens 'n beswaar of appèl aangeteken mag word, beperk is. Beswaar teen 'n aanslag of besluit moet gedoen word op die wyse, ingevolge die bepalings en binne die periode soos voorgeskryf in die wetgewing.

Indien 'n persoon se beswaar verwerp word, mag hulle by die Belastingraad of Belastinghof appèl aanteken teen die uitkoms en in so 'n geval moet die appèl aangeteken word op die wyse, ingevolge die bepalings en binne die tydperke soos voorgeskryf in die Belastingadministrasiewet. 'n Senior SAID-amptenaar mag, binne voorgeskrewe perke, 'n verlenging toestaan vir die tydperk waarbinne 'n beswaar of appèl aangeteken moet word soos voorgeskryf in die reëls. 'n Verontregte belastingbetaler mag, voordat beswaar aangeteken word, die redes vir die aanslag versoek binne 30 dae vanaf die datum van die aanslag.

Kennisgewing van beswaar moet ingedien word by die Kommissaris binne 30 dae na die datum van aanslag of die besluit wanneer geen redes vir die aanslag deur die belastingbetaler versoek word nie; die aflewering van 'n kennisgewing deur die SAID wat aandui dat genoegsame redes vir die aanslag verskaf is; of die aflewering van 'n kennisgewing deur die SAID wat redes verskaf vir die aanslag soos versoek deur 'n belastingbetaler.

Dit moet duidelik gestel word dat die definisie van 'n dag gedefinieer word as 'n besigheidsdag in terme van Artikel 1 van die Belastingadministrasiewet. 'n Besigheidsdag is enige dag wat nie 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag is nie en sluit die dae tussen 16 Desember van elke jaar en 15 Januarie van die daaropvolgende jaar, insluitend albei dae, uit.

'n Beswaar wat nie aangeteken word binne die tydsbeperking van 30 besigheidsdae nie is 'n ongeldige beswaar. Daar is egter 'n ontsnappingsklousule. 'n Senior SAID-amptenaar mag die periode waarbinne 'n beswaar aangeteken moet word met 'n verdere 30 dae verleng indien hy tevrede is dat redelike gronde bestaan vir die vertraging in die maak van die beswaar. 'n Belastingbetaler kan ook 'n verlenging voor die vervaldatum van daardie periode versoek indien hulle bewus is daarvan dat die sperdatum nie gehaal sal word nie. Die verlenging strek vanaf die verval van die 30 besigheidsdae gestipuleer in die artikels ongeag van wanneer dit versoek is.

Vir die doel van die oorweging van 'n verlenging van die periode vir die maak van 'n beswaar word van 'n SAID-amptenaar verwag om alle relevante besonderhede te oorweeg. Dit sluit redes vir die vertraging in; die lengte van die vertraging; die vooruitsigte op sukses gebaseer op meriete; en enige ander relevante faktore. 'n Senior SAID-amptenaar mag ook die datum vir die aanteken van 'n beswaar verleng met tussen 30 besigheidsdae en drie jaar indien hy is tevrede dat uitsonderlike omstandighede bestaan wat gelei het tot die vertraging in die aanteken van die beswaar. Geen verlenging kan toegestaan word vir 'n vertraging van meer as drie jaar vanaf die datum van aanslag of besluit, of 'n beswaar wat verband hou met 'n verandering in die algemeen aanvaarde praktyk ten tyde van die aanslag of besluit nie.

Indien die belastingbetaler steeds ontevrede is met die SAID se besluit om die beswaar te verwerp, mag die belastingbetaler appèl aanteken teen daardie besluit binne 30 besigheidsdae na die datum van die kennisgewing wat die belastingbetaler van die besluit inlig. 'n Senior SAID-amptenaar mag die periode van 30 besigheidsdae waarbinne appèl aangeteken mag word soos voorgeskryf deur die artikels verleng

met 21 besigheidsdae indien tevrede dat redelike gronde bestaan vir die vertraging in die aanteken van appèl of tot en met 45 besigheidsdae indien uitsonderlike omstandighede bestaan wat 'n verlenging van langer as 21 besigheidsdae regverdig. Uitsonderlike omstandighede mag byvoorbeeld insluit 'n natuurlike of mensgemaakte ramp, burgerlike onrus of onderbreking van dienste, 'n ernstige siekte of ongeluk, of ernstige emosionele of geestelike nood.

In 'n onlangse hofspraak, IT 0038/2015, is die belastingbetaler deur die SAID in Mei 2014 ge-oudit. Aanslae rakende verskeie belastings is in Desember 2014 teen die belastingbetaler uitgereik. Die belastingbetaler moes teen 2 Maart 2015 beswaar aanteken, maar het eers op 5 Junie 2015 so gedoen, wat beteken dit was 65 besigheidsdae later. Die SAID het die beswaar verwerp in 'n brief gedateer 22 Junie 2015 aangesien "geen uitsonderlike redes voorsien is nie", waarop die belastingbetaler teen die SAID geappelleer het.

In sy uitspraak het die hof gesê dat, ten einde te voldoen aan die "uitsonderlike omstandighede"-vereiste in afdeling 104(5)(a) van die BAW, die onus op die belastingbetaler rus om te bewys dat daar "ongewone feite was ... wat 'n oorsaaklike verband het met die vertraging wat gevolg het".

Die belastingbetaler het verskeie argumente aangevoer:

- Eerstens, die aanslag en besware daarteen behels komplekse regs kwessies. Hierdie argument is verwerp omdat die aard van die kompleksiteit nooit aangedui is nie.
- Tweedens, die vertraging is veroorsaak deurdat die hof gesluit was gedurende Desember 2014 en Januarie 2015 vir die hofresesperiode. Die hof het hierdie argument verwerp aangesien die hof se sluiting geen impak gehad het op die tydige aanteken van beswaar by die SAID nie.
- Derdens, die belastingbetaler het beweer dat dit met die SAID onderhandel het vanaf Desember 2014 tot Maart 2015. Buiten vir 'n besoek deur die belastingbetaler se ouditeur aan die SAID-kantore op 19 Januarie 2015, was daar geen bewyse dat vergaderings tussen die belastingbetaler en die SAID plaasgevind het nie. Hierdie argument is gevolglik verwerp.
- Vierdens, die belastingbetaler het ontevrede geraak met die vermoë van die ouditeur en die ouditeur se dienste beëindig. Die hof het hierdie argument verwerp en aangevoer dat die belastingbetaler eerder ontevrede was met die SAID se reaksie as met die vaardigheid van sy ouditeur. Dit blyk die geval te wees, aangesien 'n brief wat deur die ouditeur voorberei is, baie ooreenstemming getoon het met 'n ongedateerde mening van die regsadviseur wat deel gevorm het van die dokumente en wat klaarblyklik aanvaarbaar was vir die belastingbetaler.
- Vyfdens, die belastingbetaler kon slegs nuwe professionele raad ontvang van 'n praktisyn in Florida en het die naam van sy regsverteenvoerder in April 2015 ontvang. Die regsverteenvoerder het toe 'n ongedateerde mening vir die belastingbetaler opgestel. Aangesien die belastingbetaler in Springs aan die Wesrand gebaseer is, het die hof judisieel kennis geneem van die feit dat daar talle ander regsfirmas "in die Witwatersrand-streek en tot in Sandton ..." is wat die belastingbetaler kon nader nadat die aanslag in Desember 2014 ontvang is.

Die hof het beslis dat geen van hierdie argumente bewys was van buitengewone feite wat oorsaaklik aan die vertraging verbind kan word nie.

Hierdie wetgewing kan 'n risiko vir belastingpraktisyns inhou indien beswaar laat aangeteken word, aangesien daar geen waarborg is dat dit aanvaar sal word nie. Belastingpraktisyns mag aanspreeklik gehou word indien dit bewys kan word dat hulle vir die vertraging verantwoordelik was. Sorg moet dus aan die dag gelê word om binne die gegewe tydsraamwerke te bly vir die aanteken van beswaar of appèl.

**[Voorberei deur CORE TAX
Vir meer inligting, kontak 051-448 8188]**



Sosiale beskerming, kosproduksie en die vraag na voedsel

'n Onlangse verslag van die Verenigde Nasies se Voedsel-en-landbou-organisasie (FAO) oor die impak van kontantbetalings (toelae of sosiale beskerming) op die verbetering van die sosio-ekonomiese omstandighede en besluitnemingsvermoë van vroue in landelike gebiede het die oog getref. Die vernaamste bevindinge ondersteun ander getuienis van verhoogde produktiwiteit op primêre landbouvlak waar vroue in beheer is versus wat mans onder dieselfde omstandighede kon lewer.

Sosiale beskerming in die vorm van kontantbetalings deur regerings is praktyk in meer as 50 lande wêreldwyd, aldus die Wêreldbank. Die beskerming is uiteraard gemik op armoedeverligting – 'n soort vangnet – en nie op ekonomiese bemagtiging nie. Die uitkomst (weliswaar onvoorsien) dwing egter beleidmakers om anders te kyk na die doel met en impak van sulke toelae. Die veranderde siening is direk afgelei van die feit dat sosiale beskerming in die oorgroote meerderheid gevalle arm landelike vroue toeval en dit is wat dié vroue daarmee regkry, wat belangrik is. Die meet van die impak is uiteraard 'n uitdaging. Al hoe meer bewyse kom na vore wat wys dat toelae in die hande van vroue in landelike gebiede finansiële beheer gee, welke beheer bemagtig en op onvoorsiene manier bydra of kan bydra tot landelike ontwikkeling.

Vroue word geag ekonomies bemagtig te wees as hulle die vermoë en begeerte het om ekonomiese/ finansiële besluite te neem en uit te voer, die voordele van dié bemagtiging aan te wend en die mag het om dit te doen. Daar is gevalle van verbeterde grondgebruik, eienaarskap van lewende hawe, akkerbou en verhoogde besteding op landbou-insette waar vroue die hoofbevoordeeldes was.

In Suid-Afrika bevoordeel die nagenoeg R121 miljard bykans 1 uit elke 2 huishoudings (45.5%) deur middel van sewe langtermyn-toelae, aldus Statistiek Suid-Afrika. Vir elke R100 wat bestee word, gaan R42 na gesinne en kinders, R41 na bejaardes en R16 vir siekes en gestremdes. As in ag geneem word dat die armste 30% van die bevolking nou meer as 50% van inkomste aan voedsel bestee en die feit dat kosinflasie die hoogste is vir dié groep van die bevolking, speel toelae 'n onontbeerlike rol. Dit verskaf die vangnet en is ook betekenisvol in terme van die vraag na voedsel. Toelaes soos beskryf, verteenwoordig na raming 4% van die BBP van Suid-Afrika. In die regte hande, dié van vroue in landelike gebiede, kan beduidende groei in die aanbod binne unieke waardekettings geskep word. Dit behoort 'n verdere prestasietoets te word, veral in die lig van die huidige geskarrel oor of die betrokke departement in die loop van 2017 in staat sal wees om die uitbetaling van toelae self te hanteer.

Vir die publiek in die breë is daar ook 'n kopskuif nodig en 'n aantal wanopvattinge oor toelae is nagevors en verkeerd bewys. Die Universiteit van Johannesburg het gronde vir dié wanopvattinge nagevors. Dié was dat toelaes mense lui en afhanklik maak van die staat, maar die teendeel is egter waar. Mense wil nie afhanklik wees nie en min toelaes-afhanklikes soek nie werk nie. Toelaes kan nie voorsien in al die werklike behoeftes nie. Tweedens is gerugte dat tieners doelbewus swanger raak om te kwalifiseer vir kindertoelae weerlê met bewyse dat baie min tienerma's aansoek doen om kindertoelae. Derdens word beweer dat ouers kindertoelae eis/ontvang vir kinders wat nie by hulle bly nie. Navorsing toon egter dat 92.2% van die ontvangers van kindertoelae wel by hul ouers/voogde bly. Die algemeenste wanopvatting is dat toelaes vermors word op alkohol, ens. Die teendeel is egter waar, en hierin lê belofte, naamlik dat die grootste deel van toelaes aangewend word vir basiese lewensmiddele soos kos en ander uitgawes waaronder skoolgeld en gesondheid.

Soos wat die geval is met alle hernubare hulpbronne, moet landbou ook bedag wees op die effektiwiteit van die aflewering van toelaes. Goeie inligting is beskikbaar oor die reikwydte van elke R100-toelaag, maar wat dit kos om die R100 "af te lewer" is ewe belangrik. Landbou is te afhanklik van die vraag wat genereer word en enige bydrae aan die aanbodkant kan in die geheel landbou se strewe na bekostigbare kos en gevolglike verminderde huishoudelike voedselonsekerheid komplementeer.

**[Voorberei deur CORE Business Development
Vir meer inligting, skakel 051-448 8188]**



Moontlike gevolge van die **Trump** -administrasie

Die presidentskap van Donald Trump het die potensiaal om 'n revolusionêre oomblik in globale politiek te wees. Die nuwe Amerikaanse president verwerp op die oog af sommige van die basiese beginsels waarop Amerikaanse buitelandse beleid sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog gebaseer is, insluitend die bevordering van internasionale handel en 'n globale sekerheidstelsel gebaseer op 'n netwerk van Amerikaans-geleide alliansies. Die vraag is egter wat gaan gebeur wanneer Trump se groot idees met die regte wêreld bots? Gideon Rachman van die Financial Times het hierdie gids saamgestel oor van die belangrikste plekke en probleme waarvoor daar in 2017 uitgeklyk moet word:

Rusland

Trump is 'n openlike bewonderaar van Vladimir Putin, wat daartoe kan lei dat hy sanksies teen Rusland kan ophef en ook die anneksering van die Krim aanvaar. Sulke beleidsbesluite kan Trump egter in direkte konflik bring met die Amerikaanse intelligensiegemeenskap, asook met invloedryke lede van sy eie Republikaanse Party.

Noord-Korea

Seker die grootste veiligheidskrisis wat Trump in die gesig staar, is Noord-Korea. Aan die einde van die Obama-jare het kommer toegeneem oor Noord-Korea se kernvermoëns. Trump se aanvanklike kommentaar oor die onderwerp het aangedui dat hy glo dat toenemende druk van China Noord-Korea kan dwing om sy kernprogram te laat vaar. Om Beijing se samewerking te verkry, kan egter onmoontlik wees – veral teen die agtergrond van geskille oor handel en Taiwan.

Handel

Gedurende die verkiesingsveldtog was Trump uitgesproke oor sy afkeur van China. Diegene wat gehoop het dat Trump sy proteksionisme sal laat vaar nadat hy die verkiesing gewen het, is vinnig verkeerd bewys. Inteendeel, die nuwe president het proteksioniste in sleutelposisies in sy administrasie aangestel. Indien Trump deurdruk met sy dreigement om tariewe op Chinese goedere te hef, kan hy beslis vergelding verwag. 'n Handelsoorlog sal uitbreek, wat die handelsverhouding tussen die wêreld se twee grootste ekonomieë sal vergiftig – en die hele globale ekonomie sal beskadig.

China

Die gevaar van 'n werklike oorlog tussen Amerika en China het ook toegeneem sedert Trump se verkiesing. Die doelbewuste dog versigtige pogings van die Obama-administrasie om terug te druk teen Chinese ambisie in die Stille Oseaan-streek sal waarskynlik vervang word met 'n nuwe Trump-benadering wat openlik antagonisties sal wees. Indien daar 'n breër strategiese plan agter Trump se denkwyse skuil, kan dit wees om die informele alliansie tussen Rusland en China op te breek ten gunste van 'n Washington-Moskou-as wat daarop gemik is om Chinese invloed te beperk.

Europa

Daar is later vanjaar sleutelverkiesings in Frankryk, Nederland en Duitsland. Daar is nou vrese in die Franse en Duitse regerings dat Trump dalk die Europese verregse groepe kan bystaan. In so 'n geval sal die Kremlin sowel as die Withuis probeer om die Duitse kansellier tot 'n val te bring.

Brexit

Een groot ontwrigtende faktor vir die globale ekonomie en vir die Westerse alliansie is Brittanje se vasberadenheid om die Europese Unie te verlaat. Die formele onderhandelingsproses sal waarskynlik nie vlot verloop nie weens die groot verskil tussen die verwagtinge van Brittanje en die EU. Brittanje wil beheer oor immigrasie van Europa herstel, asook die soewereiniteit van die Britse reg, terwyl dit terselfdertyd vrye handel met Europa wil behou. Die EU sal weier om dit toe te laat. Ongelukkig vir Brittanje begunstig die onderhandelingsproses die EU, want indien geen ooreenkoms bereik kan word nie, sal Brittanje na twee jaar bloot wegval uit die EU. Die Britte mag dalk in Trump se rigting kyk vir steun – hetsy in die vorm van druk op die EU of deur 'n alternatiewe vryhandelsooreenkoms met Amerika.

Die Midde-Ooste en terrorisme

Trump is konsekwent in sy oproepe tot 'n meer kragdadige benadering tot die oorlog teen “radikale Islamitiese terrorisme”. Maar sy adviseurs verskil egter oor wat dit beteken. Sommige wil hê die Amerikaanse weermag moet weer ingryp in die Midde-Ooste. Ander argumenteer weer dat so 'n beleid Amerika sal terugdruk in die moeras van oorlog, terwyl dit ook nuwe terreuraanvalle sal uitlok. Hulle staan weer 'n meer geïsoleerde benadering voor wat fokus op binnelandse veiligheid.

Bron: <http://www.coronation.com/za/institutional/the-new-trumpian-world-january-2017#>

**[Voorberei deur CORE Financial Solutions
Vir meer inligting, kontak 051-448 8188]**



Boedelbeplanning: Hoe kry ek bekostigbare professionele raad?

Ons hoor dikwels hoe belangrik dit is om behoorlike boedelbeplanning te doen. Boedelbeplanning behels 'n strategie en daarstel van 'n plan om jou bates in lewe en ook na jou afsterwe behoorlik te beskerm en ook so te struktureer om optimale belastingvoordele en toegewings te benut.

Een van die belangrikste boedelbeplanningsdokumente is 'n behoorlik opgestelde testament. Selfs in die mees basiese beplanning behoort 'n kliënt 'n behoorlik opgestelde testament te hê. 'n Normale beplanning word voorafgegaan deur 'n proefberedding van 'n kliënt se boedel ten einde die koste en belasting ter sprake vas te stel. Daar word dus 'n ontleding gedoen van u bates en laste, asook van die koste wat betaalbaar sal wees by afsterwe. Baie mense is onder die indruk dat die koste by afsterwe slegs die uitstaande skuld behels. Daar is egter 'n hele klomp versteekte koste waarvan dikwels vergeet word. Hierdie koste behels onder meer boedelkoste, soos die begrafniskoste, eksekuteursloon, waardasie- en advertensiekoste, asook oordragkoste van vaste eiendom. Daar moet ook nie van die verskillende belastings wat by afsterwe betaalbaar is, vergeet word nie. Hierdie belastings behels onder meer inkomstebelasting, boedelbelasting, kapitaalwinstbelasting, ens.

'n Persoon se versekeringsportefeulje vorm 'n belangrike deel van sy/haar batestruktuur en behoort in detail by 'n behoorlike boedelbeplanning in berekening gebring te word en dien ook as belangrike voorsiening om die korrekte hoeveelheid geld op die korrekte tyd beskikbaar te stel, eerstens om te sorg dat alle verpligtinge nagekom kan word en tweedens om voorsiening te maak vir die versorging van die oorledene se afhanklikes.

Tydens 'n behoorlike boedelbeplanning behoort daar verder ook na die strukturering van 'n kliënt se boedel gekyk te word en bepaal te word of bestaande strukture optimaal benut word en of nuwe of alternatiewe opsies oorweeg behoort te word. Bestaande trustaktes behoort ook noukeurig nagegaan te word om te verseker dat dit met veranderende wetgewing en hofuitsprake tred gehou het.

Uit die aard van die saak word baie tyd daarna bestee om 'n behoorlike boedelbeplanning te doen en gaan dit met koste gepaard indien professionele hulp ingewin word. In hierdie verband bied CORE Trusts & Estates en CORE Financial Services aan u 'n unieke waardeproposisie. Dit behels dat CORE Financial Services onderneem om in te staan vir 'n gedeelte of selfs die geheel van die koste verbonde aan die boedelbeplanning indien daar 'n versekeringsbehoefte na aanleiding van die boedelbeplanning sou ontstaan en u bereid sou wees om hierdie behoefte met CORE Financial Services as tussenganger aan te spreek. Kontak ons gerus indien u meer inligting in hierdie verband sou benodig.

**[Voorberei deur CORE Trusts & Estates
Vir meer inligting, skakel 051-448 8188]**

POPI en wat dit vir jou besigheid beteken

Die proklamering van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPI) in die Gazette op 26 November 2013 beteken dat jy verplig is om jou PAIA-handleiding op te dateer om die POPI te inkorporeer.

Wat is POPI?

Die doel van die POPI-wetgewing is om te verseker dat alle Suid-Afrikaanse instellings op 'n verantwoordelike wyse optree deur verantwoordbaar gehou te word wanneer 'n ander entiteit se persoonlike inligting ingesamel, geprosesseer, gestoor en gedeel word. ALLE inligtinggebruikers moet nou streng prosedures in plek hê wat die ketting van bewyslewering verseker.

Teen wanneer?

Die President het gedeeltes van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (Wet nr. 4 van 2013) effektief verklaar vanaf 11 April 2014. Die Nasionale Vergadering het die Informasiereguleerder op 7 September 2016 aangestel. Die Reguleerder sal nakoming aan die wetlike vereistes afdwing.

Wie moet wat doen?

Hierdie is eintlik baie goeie nuus. Ons persoonlike inligting is nou "waardevolle goedere" wat beteken jy het die wetlike reg op beskerming en die vermoë om beheer uit te oefen oor jou inligting. Besighede of persone wat jou persoonlike inligting gebruik/hou/verifieer en selfs versoek, moet nou voldoen aan die Wet.

Jy en jou personeel, kliënte, verskaffers, vennote en mede-eienaars het die reg om te weet en toestemming te gee vir:

- Wanneer jy jou inligting deel
- Wat jy verkies om te deel
- Hoe jou data gebruik sal word
- Wie toegang tot jou inligting mag kry
- Wie toegang tot jou inligting het
- Weet waar jou inligting gestoor word
- Verseker wees van die akkuraatheid van jou inligting


Wat is "persoonlike inligting"?

Persoonlike inligting sluit in: ID/paspoortnommer, geboortedatum, ouderdom, telefoonnommer, e-posadres, woonadres, geslag, ras, biometriese data, kriminele rekord, werksgeskiedenis, salaris-inligting, ens.

Wat as ek nie die bepalings nakom nie?

Tot R10 miljoen in boetes of 10 jaar tronkstraf! Die Wet het ernstige implikasies vir verteenwoordigers soos maatskappydirekteurs, asook nakomingsbeamptes en prinsipale. **GEEN BESIGHEID WORD UITGESLUIT VAN NAKOMING VAN DIE WET NIE.**

Vorberei deur CORE LABOUR
Vir meer inligting, kontak 051-448 8188



the future - **now**



the **CORE**
group



www.thecoregroup.co.za